

Zim-boer reis deur Namibië vir geregtigheid

Oh!SixSeven – central northern areas of Namibia

22 February 2024

“Ek is so dankbaar vir die hartlikheid en vriendelikheid van Namibiërs wat ek tot dusver raakgeloop het – beide in die kommunale en kommersiële gebiede. Báie dankie! My grootste behoefte is om Stardust genoeg water te kan gee.” – Ben Freeth, Zimbabwiese boer wie se plaas Mt Carmel onteien is.



Ben Freeth, ‘n Zimbabwiese boer wat tans te perd en te voet duisende km aflê op pad na die SADC-tribunaal in Windhoek nadat die Zimbabwiese regering sy plaas afgevat het, beweeg tans deur die 067-gebied. Hy was Donderdagsmiddag 12 uur so 120 km tot 100 km voor Grootfontein. ‘n Versoek word aan boere langs die pad gerig om te help om sy perd elke sowat 15 km van water en moontlik ‘n bietjie weiding te voorsien.

Roete

Ben is oorspronklik van die plaas Mt Carmel in Zimbabwe. Hy het op die plaas in Zimbabwe sy reistog begin te perd en te voet – vir 800 km. Aan die Namibiese kant het hy ‘n muil gery en anders gelei vir sowat 400 km, met die bystand van dr. Telané Greyling.

Die muil moes egter teruggaan Windhoek toe omdat hy nie daarvan hou om alleen op die pad te wees sonder ‘n ander perd nie. Megan Wise, eienaar van Grootfontein se bekende Chahanic Stud and Safaris het intussen vir hom een van haar perde beskikbaar gestel om sy roete te voltooi.

Ben is besig om die res van die pad aan die sy en op die rug van Chahanic af te lê.

“Dit was by die SADC-tribunaal in Windhoek waar ‘n historiese beslissing op 28 November 2008 gemaak is dat ons op die plaas Mt Carmel in Zimbabwe mag aanbly. Ongelukkig het die Zimbabwiese-regering die beslissing verontagsaam. Hierdie voorheen uiters produktiewe plaas is nou ‘n puinhoop – soos so baie ander onteiene plase in Zimbabwe,” sê Ben.

“Oud. Pres. Mugabe het die SADC-tribunaal daadwerklik ‘afgebreek’. Hierdie lang reis vir geregtigheid is om bewustheid daarvan te bring dat die SADC-tribunaal regters moet aanstel sodat dit kan werk soos dit veronderstel is.

“Al die bykans 400 miljoen mense in Suider-Afrika het individuele eiendomsregte en geregtigheid nodig. Waar ongeregtigheid heers, volg verwoesting. Alle mense het geregtigheid nodig, ons is almal gelyke burgers, gelyk voor die wet – of ons arm of ryk is, wit of swart en jonk of oud,” sê Ben.

Die rede

Mt Carmel was die grootste mango-produiserende plaas in Zimbabwe, terwyl dit ook verskeie ander gewasse produseer het en werk aan meer as 500 Zimbabwiers verskaf het. Hulle huise is egter afgebrand – ook die van die werknemers en hulle het al hul gewasse verloor. Terselfdertyd is meer as 500 stuks wild op die plaas doodgemaak.

Ben en sy vrou, sy skoonpa en skoonma is ontvoer en aangerand. Sy skoonpa, Mike Campbell, het twee jaar later gesterf as gevolg van die beserings wat hy opgedoen het. Ben het ‘n stigting genaamd die Mike Campbell Foundation ter nagedagtenis van sy skoonpa op die been gebring. Die fokus van die stigting is die herstel van geregtigheid, reg en menseregte in Zimbabwe.

Hy hoop dat die lang reis sal help om bewustheid te kweek aan die behoefte om die SADC-tribunaal in Namibia te heropen en ook dat menseregte respekteer moet word.

Ben het mense na die rolprent “Mugabe and the White African” op Amazon Prime verwys om meer te wete te kom oor boere se situasie in dié land.

Belangstellendes kan ook sy blog besoek (www.mikecampbellfoundation.com/blog) of skenkings maak (by www.mikecampbellfoundation.com/benlongrideforjustice)

Vir meer inligting, kontak dr. Talane Greyling by 081 444.

<https://www.ohsixseven.com/post/zim-boer-reis-deur-namibi%C3%AB-vir-geregtigheid>

Oh!SixSeven: Taking the initiative

Oh!SixSeven was born in June 2022 as a initiative to promote and tell the stories of the #067valley. The idea is to get a platform for OUR businesses, OUR people and OUR news.

If we don't tell our stories, then who will? There is a gap within the coverage of prominent local media and newspapers, often forgetting that we - the rest of Namibia - are here too. We count too!

The 067-valley covers the areas of Otjiwarongo, Tsumeb, Otavi, Grootfontein, Outjo, the Etosha National Park, Waterberg Plateau Park, Epupa, Kamanjab, Khorixas and Kalkfeld. This area is estimated to have about 200 000 inhabitants and is often considered to be the heart of agricultural production - containing the maize triangle and being one of the main cattle producing areas. The 067-valley feeds Namibia - in a big way!